Die Vader se Belofte

En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader…
- Lukas 24:49



10 Dae van Dag en Nag Gebed vir Herlewing in die Kerk

26 Mei - 5 Junie 2022

10 Dae van Dag en Nag gebed vir herlewing in the Kerk

…en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. Johannes 14:26

Hoekom bid ons vir 10 dae?

Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed … Handelinge 1:14

Die 10 dae wat Pinkster Sondag voorafgaan was nog altyd 'n spesiale tyd om die eerste Pinkster te onthou en ook om te bid vir 'n hernieude uitstorting van die Heilige Gees in alle nasies. Hierdie jaar, 26 Mei - 5 Junie 2022, sal duisende Christene regoor die wêreld weer hande vat, terwyl ons saam bid vir herlewing in die nasies.

Tema vir Gebed

Die tema vir hierdie jaar, "Die Vader se Belofte", kom vanuit die Belofte van die Heilige Gees wat Jesus in Johannes 14:26 gegee het. Elkeen van die 10 dae sal gewy word aan die verskillende woorde wat Jesus oor die Heilige Gees gespreek het. Mag hierdie woorde ook 'n impak op ons lewens hê en ons verander om lewende en aktiewe instrumente in Sy hand te word. Die volledige gebedsgids en daaglikse gebedspunte vir sosiale media is beskikbaar op ons webwerf. Klik hier.

Hoe om die gebedsgids te gebruik?

Oorweeg die volgende:

• Sit 'n **paar minute per dag opsy** om deur die gebedstema van die dag te bid. (Miskien as deel van jou daaglikse tyd saam met Jesus.)

• Neem deel aan **korporatiewe gebedstyd** saam met familie, vriende of kollegas. (Dalk tydens middagete, voor werk, na aandete of selfs in jou kleingroep by die kerk.)

• Oorweeg dit om 'n **24-uur gebedsgroep** op die been te bring met 24 familielede, vriende en kerklede, wat elkeen een uur per dag bid. (Gebruik hierdie algemene riglyne om so 'n gebedsgroep op WhatsApp of Telegram te stig.)

10 Dae van Gebed vorm deel van *Come to the Table* – 'n samewerking van verskeie gebeds- en sendingorganisasies wêreldwyd wat saam staan in gebed, gemeenskap en missie vir 2022.
www.cometothetable.world

DAG 1 — 26 Mei

Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom… (Handelinge 1:8).

- Vra vir 'n vars uitstorting van die Heilige Gees wêreldwyd.
- Bid dat Christene met krag beklee sal word en dat hulle met vrymoedigheid die Woord van God sal spreek wat uit die volheid van die Heilige Gees kom.
- Bid dat die Kerk sal wegdraai van ongehoorsaamheid en nie die werk van die Heilige Gees sal teëstaan nie (1 Tessalonisense 5:19-20).

Laat die Heilige Gees toe om jou hart te roer terwyl jy God se aangesig soek vir herlewing.

Heilige Gees, wys my wat in my hart is.

DAG 2 — 27 Mei

Jesus het geantwoord: "Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie. (Johannes 3:5).

- Vra die Heilige Gees om jou vandag te inspireer om jou geloof in Jesus Christus met ander te deel.
- Bid dat Christene geloof in Jesus sal hê – gebore uit die Gees en gewas in Christus se verlossende bloed.
- Bid dat die Kerk die stem van die Heilige Gees sal gehoorsaam en gewillig sal wees om te sê: "Here, hier is ek. Stuur my."

Laat die Heilige Gees toe om jou hart te roer terwyl jy God se aangesig soek vir herlewing.

Heilige Gees, wys my geleenthede om my geloof met ander te deel.

DAG 3 28 Mei

Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra. (Johannes 15:16).

- Bid vir 'n gewillige hart om die wêreld in te gaan soos Jesus opdrag gegee het, om vrugte in oorvloed te dra, en sodoende jou volwassenheid as 'n dissipel uit te leef.
- Bid dat ongelowiges die beeld van Christus in die lewens van gewone Christene in elke deel van die samelewing sal sien.
- Bid dat die Kerk vrymoedigheid sal hê en volwasse sal word in die ryk ervaring om God in Sy volheid te ken.

Laat die Heilige Gees toe om jou hart te roer terwyl jy God se aangesig soek vir herlewing.

Heilige Gees, ek wil geestelike vrugte in oorvloed dra.

DAG 4 29 Mei

Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. (Johannes 16:13).

- Vra die Heilige Gees om jou in alle waarheid te lei, sodat jy 'n heilige lewe sal lei en versterk sal word in die ryke kennis van Jesus Christus.
- Vra dat die sluier wat Satan oor die gedagtes van ongelowiges trek, verwyder word deur die getuienis van Christene.
- Bid dat die Kerk die waarheid oor Jesus Christus op 'n rein wyse en sonder kompromie sal verkondig: dat daar geen verlossing behalwe deur Hom is nie.

Laat die Heilige Gees toe om jou hart te roer terwyl jy God se aangesig soek vir herlewing.

Heilige Gees, lei my hart in alle waarheid.

DAG 5 — 30 Mei

En wanneer Hy kom, sal Hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde, en dat die reg aan my kant is, en dat die oordeel al gekom het. (Johannes 16:8).

- Bid dat die waarheid van die Woord van God in jou hart sal sny.
- Bid dat nuwe gelowiges God se goedheid sal ervaar deur Christene wat hulle onvoorwaardelik liefhet.
- Vra die Heilige Gees om die Kerk te oortuig van hul sondes, bekend en onbekend, en 'n bewustheid van hul diepgewortelde sondige natuur wat hulle van God skei.

Laat die Heilige Gees toe om jou hart te roer terwyl jy God se aangesig soek vir herlewing.

Heilige Gees, skep in my 'n rein hart wat onvoorwaardelik liefhet.

DAG 6 — 31 Mei

Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees… (Johannes 14:16).

- Vra die Heilige Gees om vir ewig by jou te bly - om jou te help om die Christelike lewe te lei.
- Bid dat Christene wat vervolg word vir hul geloof in Jesus Christus versterk sal word in hul geloof, om in alle omstandighede te volhard.
- Bid dat die Kerk wat die risiko loop van onderdrukking, onreg en oorlogsituasies ter wille van Christus en Sy koninkryk, sal volhard met hul oë stewig gevestig op die Kruis.

Laat die Heilige Gees toe om jou hart te roer terwyl jy God se aangesig soek vir herlewing.

Heilige Gees, bly vir ewig in my.

DAG 7 — 1 Junie

Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. (Johannes 17:21).

- Bid vir 'n gehoorsame hart teenoor die Waarheid, om in jou siel geheilig te word en daarom bemagtig te word om vol liefde vir alle mense te wees.
- Vra dat Christene 'n diep werk van die Gees in hul harte sal hê wat die harte van alle mensegroepe en kulture sal verbind en versoen om een in Christus te word.
- Bid dat die Kerk God alleenlik sal verheerlik, mekaar sal liefhê, met entoesiasme eenheid sal handhaaf en een met God sal word.

Laat die Heilige Gees toe om jou hart te roer terwyl jy God se aangesig soek vir herlewing.

Here Jesus, ek wil U gehoorsaam.

DAG 8 — 2 Junie

Die volk na wie toe Ek jou stuur, jy moet hulle oë oopmaak sodat hulle hulle van die duisternis tot die lig en van die mag van die Satan tot God kan bekeer. Deur in My te glo, sal hulle sondes vergewe word en sal hulle deel word van die volk van God.' (Handelinge 26:17b-18).

- Verkondig Christus se oorwinning aan die Kruis oor al die mag van Satan met vrymoedigheid en vertroue aan alle mense.
- Vra die Here dat ongelowiges se oë sal oopgaan vir die ware toestand van hul harte, sodat hulle bekeer van die duisternis na die Lig, van die mag van Satan na die mag van God.
- Vra vir 'n goddelike openbaring van die waarheid aangaande Jesus Christus aan mense wie betrokke is by enige vorm van afgodery, sekularisme, ateïsme of misleiding. Bid dat hulle hul geloof in Jesus sal plaas, vergifnis van sondes sal ontvang en heilig gemaak sal word.

Laat die Heilige Gees toe om jou hart te roer terwyl jy God se aangesig soek vir herlewing.

Hemelse Vader, vergewe ons sondes.

DAG 9 — 3 Junie

Sal God dan nie aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom roep, reg doen nie? Sal Hy hulle lank laat wag? (Lukas 18:7).

- Bid dat jy ywerig met nederigheid, opregtheid en geloof tot God sal uitroep, want Hy sal die begeerte vervul van almal wat Hom vrees; Hy sal ook hulle geroep hoor en hulle red.
- Bid dat Christene sal volhard in dag en nag gebed en om te glo dat God gebed verhoor. Hy is 'n beloner van diegene wat Hom ywerig soek.
- Bid dat die Kerk sal groei in die kennis van God, om Hom ywerig te soek sodat ons naby God ons Vader bly en nie in ongehoorsaamheid van Hom wegdwaal nie.

Laat die Heilige Gees toe om jou hart te roer terwyl jy God se aangesig soek vir herlewing.

Vader, ek wil naby U bly.

DAG 10 — 4 Junie

"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom..." (Handelinge 1:8).

- Vra die Here om jou te help om in die weë van ware geregtigheid te wandel, God te behaag in elke goeie ding wat jy doen en om 'n vrugdraende loot te word.
- Bid dat Christene wat in hierdie gevaarlike wêreld leef krag sal ontvang, want hulle het diepgewortelde geloof in Jesus nodig wanneer hulle van Christus getuig. Bid ook dat hulle lewende getuienisse van God se redding, vergifnis en verlossing word.
- Vra vir die vernuwing van die gawes van die Heilige Gees aan die kerk, sodat elke Christen God se krag aan 'n verlore, moedelose en verwronge wêreld kan bedien.

Laat die Heilige Gees toe om jou hart te roer terwyl jy God se aangesig soek vir herlewing.

Heilige Gees, steek my hart weer aan die brand vir U!

PINKSTER SONDAG

5 Junie

Op Pinkster Sondag het die Heilige Gees die Kerk met krag vervul en 3 000 nuwe gelowiges bygevoeg. In die Ou Testament is van die Heilige Gees geprofeteer en Jesus het ook die Heilige Gees belowe, wat die Helper vir Sy mense sou wees. *… wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.* (John 14:26).

- Kom ons loof die Heilige Gees, want Hy is Heilig en woon in ons harte.
- Dank die Heilige Gees, want Hy het ons verblinde gees vernuwe en ons oë oopgemaak vir die Waarheid van God se Woord.
- Kom ons vra Hom om ons die vermoë te gee om Hom duideliker te sien, om Sy beweging in ons lewens te herken en ons sensitief te maak vir Hom sodat ons Hom van naderby kan volg.
- Laat ons bid met geloof en nuwe vrymoedigheid en laat ons die Heilige Gees vra om ons te help om in gehoorsaamheid Sy leiding in ons daaglikse lewens te erken.

www.jwipn.com
info@jwipn.com

Saamgestel deur Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk